20.4 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE PRETORIA : AANVULLING VAN KERKORDE, ARTIKEL 31 (Art 88)

A. Ds SD Snyman stel die Beskrywingspunt.
B. Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. **BESKRYWINGSPUNT**

1. Beskrywingspunt

Dat Kerkorde, artikel 31 aangevul word om soos volg te lui:

Artikel 31

As iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verontreg is, mag hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Wat met 'n meerderheidstem besluit is, sal vir vas en bindend beskou word, tensy bewys word dat dit met die Woord van God of die artikels van die Kerkorde in stryd is. **In wesentlike sake moet besluite egter met eenstemmigheid geneem word.**

2. Motivering

2.1 Die voorstel berus veral op twee Bybelse beginsels, nl. 1: ons roeping as gelowiges en as kerke tot eenstemmigheid in wesentlike sake, en 2: dat daar 'n onderskeid tussen wesentlike en nie-wesentlike sake is.

2.2 *Oor eenstemmigheid*

2.2.1 Dit is volgens talle Skrifgegewens duidelik dat die Here diepgaande eenheid tussen Sy kinders verwag. Dit geld vir hulle as individue, maar ook vir hulle as georganiseerde gemeentes. Vgl byvoorbeeld die volgende: Johannes 17:11, 21-23; 1 Korintiërs 1:10; 11:16; Efesiërs 4:3-6; Filippense 2:1-2; Handelinge 15:28.[1]

2.2.2 Vgl ook die Belydenis van ons kerke oor hierdie eenheid: NGB 27, 28, 32; HK 21:54-55.

2.2.3 Kerkregtelik word met die aanvulling wat hierdie Beskrywingspunt voorstel, 'n saak weer eksplisiet teruggebring wat reeds by Sinode Dordrecht van 1578 vasgestel is.

> Sinode Dordrecht 1578 se art XXIII lui soos volg:
>
> *Artikel XXIII [23]. ofte VIII [8]*
>
> *In alle saken (altyd uitgenomen, van welke wy een uytgedrukt woord Gods hebben) als de stemme naarstelyk gewoogen zyn, sal men blyven by 't advys der meeste stemmen, om daar na te besluiten, 't welke een yeder Schuldig zyn sal na te komen.*
>
> Daar was dus by hierdie Sinode 'n duidelike erkenning dat daar sake is waaroor daar nie verskil mag wees of behoort te wees nie, en ander sake waar ons stemme kan tel en só besluit wat die beste pad vir die kerke is. In wese is dit baie naby aan die onderskeid wat hierdie Beskrywingspunt voorstel.
>
> Die daaropvolgende Sinodes het 'n verwysing na die Woord van God behou, maar ongelukkig die uitskakeling van stemmetellery by 'n saak wat duidelik in die Bybel uitgedruk is, uitgelaat. Dit het gebeur toe Sinode Middelburg van 1581 Dordrecht 1578 se artikels 19 (*Soo yemand hem beklaagt, dat hy door 't oordeel der mindere versamelingen beswaart is, die zal zyn sake voor een meedere mogen betrekken)* en 23 hierbo saamgevoeg het in sy artikel 23, wat soos volg lui:

[1]Hierdie eenheid behoort tussen alle gelowiges, ook dié in verskillende kerkverbande, gesoek te word. Hierdie werklike ekumeniese eenheid val egter buite die (beperkte) skopus van hierdie Beskrywingspunt, wat fokus op die eenheid binne die GKSA.

> *Soo hem yemand beklaagt door uytsprake van mindere Vergaderinge verongelykt te zyn, deselve sal hen tot een meerder Kerkelyke vergaderinge beroepen mogen, en 't gene door de meeste stemmen goed gevonden is, sal voor vast en bondig gehouden worden, ten sy sake dat het bewesen worde, te stryden tegen het Woord Gods, of tegen de Artykelen in onsen Generalen Synode besloten, soo lange deselve door geen andere Generale Synode verandert zijn.*

2.3 *Oor wesentlike en nie-wesentlike sake*
Die onderskeid tussen wesentlike en nie-wesentlike sake is 'n Skriftuurlike onderskeid, onder ander gegrond op Skrifgegewens uit Romeine 14-15, Galasiërs en Kolossense. Daar is sake in die lewe van kerke waaroor daar geen ruimte vir verskil en verdraagsaamheid toegelaat kan word nie (bv Gal 1:6-9; 2:11-19; 3:1-3; 4:9-11; 5:4, 7, 10; Kol 2:4-23), terwyl daar ander sake is waarin verdraagsaamheid 'n opdrag is (bv Rom 14:1, 10, 13, 19; 15:1-2, 7).

2.4 In die kerklike vergadering van in Handelinge 15, wat as 'n voorbeeld van en 'n voorskrif tot die hou van meerdere vergaderings gesien word, word juis gesien hoe beide hierdie beginsels (eenstemmigheid en onderskeid tussen wesentlik en nie-wesentlik) eerbiedig word. In die eerste plek het daardie vergadering gehandel oor 'n wesentlike vraagstuk: of besnydenis vir saligheid nodig is. In die tweede plek het hulle bespreking gevoer totdat daar sonder verdere teëstribbeling 'n besluit geneem kon word.

2.5 Hierdie Beskrywingspunt skakel die gevaar van gewetensbinding, wat by besluitneming met blote meerderheidsbesluite dreig, in 'n groot mate uit. Wanneer besluite oor sake waaroor mense in hulle gewetens aangespreek voel, met 'n blote meerderheidstem geneem word, is daar altyd die gevaar dat die minderheid in hulle gewetens aangetas kan voel deur die besluit wat deur die meerderheidstem tot stand gekom het. Dit word dan oorheersing deur die meerderheid in plaas van eenstemmigheid.

3. Verduidelikende opmerkings by Beskrywingspunt

3.1 Met eenstemmigheid word bedoel wat in die Woord van God daarmee bedoel word, naamlik dat almal van harte saamstem. As daar enkeles is wat as gevolg van 'n gebrek aan genoegsame insig of gehoorsaamheid in die bepaalde saak, nog nie saamstem nie, is daar wel nog voldoende eenstemmigheid.

3.2 Eenstemmigheid kan ook bereik word deur bereidheid om te konformeer. Konformering beteken om die genome besluit as goed te aanvaar en dit dan uit te voer. Konformering kan egter nie ter wille van die "goeie gees op die vergadering" plaasvind nie. Die ou praktyk van konformering, naamlik deur 'n tweede stemming direk na die eerste een, was 'n metode om eenstemmigheid te bewaar. By ernstige verskille is dit egter ongewens om mense wat diep oortuigings oor 'n saak het, onder sulke (tyds)druk te sit – 'n mens se gees werk nie so nie.

3.3 Hierdie Beskrywingspunt is 'n poging om die beginsel van "strewing na eenstemmigheid", wat ons almal waarskynlik aanvaar, nou eksplisiet 'n vereiste in ons kerklike lewe te maak.

Besluit: Dat aan die Beskrywingspunt nie gevolg gegee word nie.